Laerskool Jan van Riebeeck

KLOOFSTRAAT 52 KAAPSTAD 8001 ☎ 021 423 4209 FAKS: 021 423 4210/424 2375
EPOS: jhoosthuizen@gmail.com WEBTUISTE: www.jvrprim.co.za
SKOOLHOOF: J H Oosthuizen

SELFOONBELEID

Volgens departementele riglyne moet alle leerders se selfone tydens skoolure en op die skoolterrein (skoolgronde) afgeskakel wees. Geen oproepe / boodskappe mag tydens klastyd of op die skoolterrein ontvang of gemaak word nie. Indien leerders hul selfone tydens skoolure of op die skoolterrein gebruik, sal dit gekonfiskeer word. Leerders bring hul selfone op eie risiko skool toe en die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlies of beskadiging daarvan nie. Leerders kan hul selfone aan onderwysers oorhandig aan die begin van ‘n lesperiode vir bewaring daarvan.

Indien daar ‘n krisis ontstaan sal leerders wel toestemming ontvang om hul ouers te kontak in die teenwoordigheid van die onderwyser.

Indien leerder met hul selfone werk tydens skoolure of op die skoolterrein sal dit afgeneem word en kan die leerder dit aan die einde van die dag terugkry. Indien dit ‘n tweede keer gebeur sal leerders dit eers aan die einde van die kwartaal terugkry.

Tydens kampe / uitstappies word leerders verbied om hul selfone saam te neem. Die onderwysers wat saam met leerders op die kampe / uitstappies gaan, moet hul selfoonnommer beskikbaar stel indien dit nodig sou wees om die ouer / voog in kennis te stel van ‘n insident of krisis.

Indien ‘n vermoede bestaan dat leerders ongerymdhede / pornografie op hul selfone kyk / stuur, het die skool die reg om onmiddelik die selfoon te konfiskeer en die polisie in kennis te stel. Die skool behou die reg voor om, in die beste belang van alle leerders van Laerskool Jan van Riebeeck, leerders se selfone te ondersoek indien daar ‘n vermoede van ongerymdhede / pornografie bestaan. Ouers sal telefonies verwittig word dat die polisie in kennis gestel is. Die polisie het die reg om leerders se selfone te ondersoek indien daar ‘n vermoede is dat daar pornografiese materiaal / video’s op sy / haar selfoon is. Indien ‘n finale bevinding gemaak is dat ‘n leerder na ongerymdhede / pornografie op sy / haar selfoon gekyk of aangestuur het, sal die betrokke leerder se se ouers skriftelik in kennis gestel word dat hy / sy voortaan nie toegelaat sal word om ‘n selfoon skool toe te bring nie.